# AGRI VOEDSEL

**AGRI VOEDSEL BEPERK**
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer 2007/015880/06)
("**AVL**" of "**die Maatskappy**")

---

**OORGAWE-, OORDRAGS- EN AANVAARDINGSVORM**

---

*Die omskrywings en uitleg wat begin op bladsy 11 van die gesamentlike omsendbrief deur Zeder Beleggings Beperk en AVL aan AVL-aandeelhouers, gedateer 15 Augustus 2014, en waarby 'n Engelse weergawe van hierdie vorm ("*Form of Surrender, Transfer and Acceptance*") aangeheg is, (**"die Omsendbrief"**) is* mutatis mutandis *op hierdie oorgawe-, oordrags- en aanvaardingsvorm van toepassing.*

**Hierdie vorm moet saam met die Omsendbrief gelees word.**

Instruksies:

1. 'n Afsonderlike oorgawe-, oordrags- en aanvaardingsvorm word vir elke AVL-aandeelhouer vereis. AVL-aandeelhouers moet hierdie vorm in DRUKSKRIF invul.
2. Deel A moet ingevul word deur alle AVL-aandeelhouers wat hierdie vorm terugstuur. Hierdie afdeling **hou verband met die oorgawe van Titeldokumente** (wat in die Omsendbrief as "*Documents of Title*" gedefinieer word).
3. Deel B moet ingevul word deur AVL-aandeelhouers wat **emigrante uit of nie-inwoners van** die Gemeenskaplike Monetêre Gebied (wat in die Omsendbrief as "*Common Monetary Area*" gedefinieer word) is (sien aantekening 2).
4. Deel C is nie meer van toepassing nie en hoef nie meer deur AVL-aandeelhouers ingevul te word nie (sien in hierdie verband die aantekening in Deel C hieronder).
5. Deel D moet ingevul word deur alle AVL-aandeelhouers wat hierdie vorm terugstuur. Hierdie afdeling **hou verband met die vereffening van die Skema-teenprestasie** (wat in die Omsendbrief as "*Scheme Consideration*" gedefinieer word).

**Lees asseblief ook die aantekeninge op die keersy.**

**Aan: Die Oordragsekretaris**

| **Aflewerings per hand aan:** | **Aflewerings per pos aan:** |
|---|---|
| **Computershare Investor Services (Edms) Bpk** | **Computershare Investor Services (Edms) Bpk** |
| Rosebank Towers | Posbus 61051 |
| 15 Biermann Avenue | Marshalltown |
| Rosebank, 2196 | 2107 |

***AVL-aandeelhouers kan hierdie oorgawe-, oordrags- en aanvaardingsvorm en (indien van toepassing) hul Titeldokumente terugstuur aan óf –***

- ***die Oordragsekretaris (Computershare Investor Services (Edms) Bpk) by die bovermelde adres; ÓF***
- ***Zeder se maatskappysekretaris (me Lucille van der Merwe) by 2de Verdieping, Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600,***

***welke een ook al vir AVL-aandeelhouers die gerieflikste is.***

Geagte Here

## DEEL A – OORGAWE VAN TITELDOKUMENTE

**ALLE AVL-AANDEELHOUERS WAT HIERDIE VORM TERUGSTUUR, MOET ASSEBLIEF DEEL A INVUL.**

***Algemene Aantekening:*** ***AVL hou tans die oorspronklike AVL-aandeelsertifikate namens sommige AVL-aandeelhouers ("Betrokke AVL-aandeelhouers"). Gevolglik geld enige verklarings hieronder wat van AVL-aandeelhouers vereis om hul Titeldokumente aan die Oordragsekretaris te stuur, nie vir Betrokke AVL-aandeelhouers nie en Betrokke AVL-aandeelhouers sal in sulke gevalle slegs hierdie oorgawe-, oordrags- en aanvaardingsvorm hoef in te vul en aan die Oordragsekretaris terug te stuur ooreenkomstig die instruksies wat hierin uiteengesit word.***

***AVL-aandeelhouers wat nie seker is of hul oorspronklike AVL-aandeelsertifikate deur AVL gehou word nie, moet die Oordragsekretaris kontak om dit te bevestig. Die Oordragsekretaris kan op enige besigheidsdag tussen 08:30 en 16:00 geskakel word by 086 1100 634 (of +27 11 370 5000 van buite Suid-Afrika).***

**Merk asseblief die toepaslike blokkie:**

1. ☐ Merk asseblief hierdie blokkie <u>indien die oorspronklike aandeelsertifikaat/-sertifikate vir u AVL-aandele deur AVL namens u gehou word, wat beteken dat u 'n Betrokke AVL-aandeelhouer is soos in die Algemene Aantekening hierbo beskryf word;</u>

   **ALTERNATIEWELIK**

2. ☐ Merk asseblief hierdie blokkie <u>indien u die oorspronklike aandeelsertifikaat/-sertifikate of ander Titeldokumente vir u AVL-aandele hierby insluit.</u>

**AVL-aandeelhouers wat die inwerkingtreding van die Skema wil vooruitloop en vereffening van die Skema-teenprestasie wil bespoedig, moet Deel A invul en hierdie vorm saam met hul Titeldokument(e) (sien Algemene Aantekening hierbo) aan die Oordragsekretaris terugstuur <u>voor 12:00 op die Skema-teenprestasie Rekorddatum</u> (wat in die Omsendbrief as "*Scheme Consideration Record Date*" gedefinieer word).**

Indien die Skema nie in werking tree nie, sal enige Titeldokumente wat aan die Oordragsekretaris oorgegee is, deur die Oordragsekretaris aan sodanige aandeelhouers teruggestuur word. Die Titeldokumente sal op sodanige aandeelhouers se eie risiko per geregistreerde pos aan hulle gestuur word binne vyf besigheidsdae na ontvangs van die Titeldokumente of die datum waarop dit bekend word dat die Skema nie in werking sal tree nie, wat ook al die laatste is. Vir duidelikheid, oorspronklike AVL-aandeelsertifikate wat tans namens Betrokke AVL-aandeelhouers deur AVL gehou word, sal steeds deur AVL gehou word, tensy 'n Betrokke AVL-aandeelhouer skriftelik versoek dat AVL se maatskappysekretaris die sertifikate aan hom/haar terugstuur.

| | |
|---|---|
| Van of Naam van korporatiewe instansie | |
| Volle voorname | |
| Titel | |
| Adres (**sien Deel D hieronder**) | |
| | Poskode |
| Land | |
| Telefoonnommer (      ) | |
| Selfoonnommer | |
| E-pos adres | |
| Faksnommer (      ) | |

**Let wel:** Ten einde aan die vereistes van die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum, 2001 te voldoen, sal die Oordragsekretaris nie adresveranderings wat versoek word, kan aanteken nie, tensy die volgende dokumente van die betrokke AVL-aandeelhouer ontvang word:

- ’n oorspronklike gesertifiseerde afskrif van u identiteitsdokument;
- ’n oorspronklike gesertifiseerde afskrif van ’n dokument uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, wat u belastingnommer verifieer (indien u nie ’n belastingnommer het nie, bevestig dit asseblief skriftelik en laat die brief deur ’n Kommissaris van Ede teken); en
- ’n oorspronklike of ’n gesertifiseerde afskrif van ’n nutsrekening om u straatadres te verifieer.

**EK/ONS GEE HIERMEE DIE INGESLOTE AANDEELSERTIFIKAAT/-SERTIFIKATE, GESERTIFISEERDE OORDRAGAKTE(S) EN/OF ANDER TITELDOKUMENTE, WAARVAN BESONDERHEDE HIERONDER INGEVUL IS, OOR, OF SO NIE GEE EK/ONS AL DIE AANDEELSERTIFIKATE OOR WAT TANS DEUR AVL NAMENS MY/ONS GEHOU WORD (NA GELANG VAN DIE GEVAL) TEN OPSIGTE VAN MY/ONS AVL-AANDEELHOUDING.**

**Aandeelsertifikaat/-sertifikate en/of ander Titeldokument(e) wat ingelewer word (soos ingesluit)**

| Naam van geregistreerde houer (aparte vorm vir elke houer) | Sertifikaatnommer(s) (in numeriese volgorde) | Getal AVL-aandele wat deur elke sertifikaat gedek word |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | **Totaal** | |

| | |
|---|---|
| Handtekening van AVL-aandeelhouer | Stempel en adres van agent wat hierdie vorm indien |
| Bygestaan deur my (indien van toepassing) | |
| Meld volle naam en hoedanigheid | |
| Datum 2014 | |
| Telefoonnommer (Huis) ( ) | |
| Telefoonnommer (Werk) ( ) | |
| Selfoonnommer ( ) | |

*Ondertekenaars kan gevra word om bewys te lewer van hul magtiging of bevoegdheid om hierdie vorm te teken.*

## DEEL B

1. **Moet slegs ingevul word deur AVL-aandeelhouers wat emigrante uit die Gemeenskaplike Monetêre Gebied is.**
   Die Skema-teenprestasie sal gestuur word aan die gemagtigde handelaar wat hieronder benoem word, vir sy beheer, en in die emigrant se geblokkeerde rekening gekrediteer word. Gevolglik moet ’n nie-inwoner wat ’n emigrant uit Suid-Afrika is, die volgende inligting verskaf:

   Naam en adres van gemagtigde handelaar in Suid-Afrika of vervangende opdrag
   ________________________________________
   ________________________________________
   ________________________________________

   Rekeningnommer

2. **Moet slegs ingevul word deur alle ander AVL-aandeelhouers wat nie-inwoners is en ’n vervangende adres wil verskaf.**
   Die Skema-teenprestasie sal gepos word na die geregistreerde adres van die betrokke nie-inwoner, tensy ander skriftelike opdragte ontvang word en ’n vervangende adres hieronder verskaf word:

Vervangende adres

______________________________________________

______________________________________________

3. **Indien geen benoeming by 1 hierbo gedoen word nie, sal die Skema-teenprestasie deur die Oordragsekretaris in trust gehou word.**

## DEEL C – ALGEMENE AANBOD

**Aantekening:** **Aangesien die Skema deur AVL-aandeelhouers op 15 September 2014 goedgekeur is en alle ander opskortende voorwaardes tot die Skema vervul is, sal die transaksie by wyse van die Skema plaasvind en is die alternatiewe Algemene Aanbod ("*General Offer*"), soos uiteengesit in die Omsendbrief, nie meer van toepassing nie. Gevolglik is Deel C wat in die Engelse "*Form of Surrender, Transfer and Acceptance*" verskyn, soos aangeheg tot die Omsendbrief, nie meer van toepassing nie en hoef Deel C dus nie meer deur AVL-aandeelhouers ingevul te word nie. Voorts is enige verwysigings na die "*General Offer*" of "*General Offer Consideration*" wat in die Engelse vorm verskyn, uit hierdie Afrikaanse vertaling van die vorm verwyder.**

## DEEL D – VEREFFENING VAN SKEMA-TEENPRESTASIE

Ten einde aan onlangse wetsveranderings te voldoen, mag die Skema-teenprestasie-aandele (wat in die Omsendbrief as "*Scheme Consideration Shares*" gedefinieer word) ("**Teenprestasie-aandele**"), slegs in Gedematerialiseerde vorm uitgereik word.

Alle AVL-aandeelhouers[#] moet asseblief die afdeling hieronder invul, wat handel oor die vereffening van die Teenprestasie-aandele indien die AVL-aandeelhouer op die Teenprestasie-aandele geregtig word.

1. ☐ Merk asseblief hierdie blokkie indien u 'n rekening by 'n Makelaar of SSBD (wat in die Omsendbrief as "*CSDP*" gedefinieer word) het en hierdie rekening met die Teenprestasie-aandele wil laat krediteer, en vul die besonderhede van die Makelaar- of SSBD-rekening hieronder in:

Naam van rekeninghouer: ______________________

Naam van Makelaar: ______________________

Naam van SSBD: ______________________

Rekeningnommer van Makelaar: ______________________

Rekeningnommer van SSBD: ______________________

Telefoonnommer van Makelaar/SSBD: ______________________

"SCA"-nommer van Makelaar/SSBD: ______________________

**Let wel:** Indien die rekeningbesonderhede wat u hierbo verskaf het verkeerd of onvolledig is, sal dit nie moontlik wees om die rekening met die Teenprestasie-aandele te krediteer nie, in welke geval 'n toewysingstaat aan u uitgereik sal word wat die getal Teenprestasie-aandele wat aan u verskuldig is, sal bevestig. Die toewysingstaat sal op u risiko aan u gestuur word by die adres wat u in **Deel A** hierbo verskaf het.

---

[#] Behalwe Teenstemmende Aandeelhouers (wat in die Omsendbrief as "*Dissenting Shareholders*" gedefinieer word) wat ingevolge artikel 164(5) tot 164(8) van die Maatskappywet kennis gegee het en nie hul onderskeie eise terugtrek of aanbiedings deur die Maatskappy aan hulle ingevolge artikel 164(11) van die Maatskappywet toelaat om te verval nie.

2. ☐ Merk asseblief hierdie blokkie indien u nie ’n rekening by ’n Makelaar of SSBD het nie, maar die Teenprestasie-aandele in Gedematerialiseerde vorm, en nie in sertifikaatvorm nie, wil ontvang. U sal ’n Makelaar of SSBD moet aanstel voordat die Teenprestasie-aandele in u Makelaar- of SSBD-rekening gekrediteer kan word. Intussen sal ’n toewysingstaat aan u uitgereik word wat die getal Teenprestasie-aandele wat aan u verskuldig is, sal bevestig. Die toewysingstaat sal op u risiko aan u gestuur word by die adres wat u in **Deel A** hierbo verskaf het.

3. ☐ Merk asseblief hierdie blokkie indien u NIE die Teenprestasie-aandele in Gedematerialiseerde vorm wil ontvang nie en in plaas daarvan die Gedematerialiseerde Teenprestasie-aandele verskuldig aan u wil “onttrek” en deur ’n fisiese Titeldokument (aandeelsertifikaat) wil vervang. Die Titeldokument (aandeelsertifikaat) vir die Teenprestasie-aandele sal op u risiko aan u gestuur word by die adres wat u in **Deel A** hierbo verskaf het.

**Aantekeninge:**

1. Emigrante uit die Gemeenskaplike Monetêre Gebied moet Deel B invul.
2. Alle ander nie-inwoners van die Gemeenskaplike Monetêre Gebied moet Deel B invul indien hulle die Skema-teenprestasie na ’n ander adres as hul adres in die Register wil laat stuur.
3. Indien Deel B nie behoorlik ingevul word nie, sal die Skema-teenprestasie (in die geval van emigrante) deur die Oordragsekretaris in trust gehou word in afwagting van die nodige benoeming of opdrag.
4. Die Skema-teenprestasie sal nie aan AVL-aandeelhouers gestuur word, alvorens Titeldokumente ten opsigte van die betrokke AVL-aandele nie eers aan die Oordragsekretaris oorgegee is nie.
5. Indien ’n AVL-aandeelhouer tot bevrediging van AVL en Zeder bewys lewer dat Titeldokumente ten opsigte van AVL-aandele verloor of vernietig is, kan AVL die oorgawe van sodanige Titeldokumente kwytskeld by lewering van ’n behoorlik verlyde skadeloosstelling in ’n vorm en volgens bepalings en voorwaardes wat deur AVL en Zeder goedgekeur is, of hulle kan volgens hul diskresie sodanige skadeloosstelling kwytskeld.
6. Indien hierdie oorgawe-, oordrags- en aanvaardingsvorm nie deur die AVL-aandeelhouer onderteken word nie, sal die AVL-aandeelhouer geag word onherroeplik die maatskappysekretaris te benoem het om die betrokke AVL-aandeelhouer se verpligtinge ingevolge die Skema namens hom/haar na te kom.
7. Persone wat na die posdatum van die Omsendbrief AVL-aandele verkry het, kan afskrifte van die oorgawe-, oordrags- en aanvaardingsvorm en die Omsendbrief by AVL se maatskappysekretaris kry by 1ste Verdieping, Ou Kollege Gebou, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600 (Posbus 7403, Stellenbosch, 7599) en by die Oordragsekretaris by Computershare Investor Services Eiendoms Beperk, Grondverdieping, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Posbus 61763, Marshalltown, 2107).
8. Geen kwitansies sal uitgereik word vir dokumente wat ingedien word nie, tensy dit spesifiek versoek word. Ter nakoming van die vereistes van die JSE, word indieningsagente versoek om spesiale transaksiekwitansies op te stel. Ondertekenaars kan gevra word om bewys te lewer van hul magtiging of bevoegdheid om hierdie vorm te teken.
9. Enige wysiging aan hierdie oorgawe-, oordrags- en aanvaardingsvorm vereis ’n volle handtekening en mag nie bloot geparafeer word nie.
10. Indien hierdie oorgawe-, oordrags- en aanvaardingsvorm kragtens ’n volmag geteken word, moet sodanige volmag of ’n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan saam met hierdie vorm gestuur word vir aantekening (tensy dit reeds deur AVL of die Oordragsekretaris aangeteken is).
11. Indien die AVL-aandeelhouer ’n maatskappy of ’n beslote korporasie is, moet ’n gesertifiseerde afskrif van die direkteure of lede se resolusie wat die ondertekening van hierdie oorgawe-, oordrags- en aanvaardingsvorm magtig, ingedien word indien AVL dit versoek, tensy sodanige resolusie reeds by AVL of die Oordragsekretaris geregistreer is.
12. Aantekening 11 hierbo is nie van toepassing indien hierdie vorm die stempel van ’n makelaarlid van die JSE dra nie.
13. Waar AVL-aandele gesamentlik gehou word, moet alle gesamentlike houers hierdie oorgawe-, oordrags- en aanvaardingsvorm teken.